# Comment Kommentaar

## Belastingkortings

Dit is ongelukkig die taak van u Takraad om geneeshere — lede sowel as nie lede van die Mediese Vereniging — se aansoeke vir belastingkorting na te gaan en as korrek te sertifiseer met betrekking tot die bywoning van kongresse of nagraadse kursusse.

By herhaling is reeds daarop gewys dat dit 'n geweldige verantwoordelikheid is wat op die Vereniging se skouers geplaas word en dat dit noodsaaklik is dat die gegewens absoluut volledig en korrek moet wees. Dit is dus weereens nodig om u op die volgende knelpunte te wys, nl.:

1. **Registrasiegelde:** Alleen die bedrag wat betaal is vir registrasie vir die kongres of kursus is aftrekbaar, en GEEN bedrae vir bykomstige sosiale geleenthede sos bankette, uitstappies, uitvoerings, ens. is toelaatbaar vir aftrekking nie. Die sertifikate wat voorgelê word toon dikwels ook die buitelandse geldwaarde aan en u word gevra om die RSA se geldwaarde tog ook maar te verskaf.

2. **Reiskoste:** Dit gebeur dikwels dat 'n vakansie ingesluit word in die reisplan en alhoewel dit so is dat sekere spesiale konsessies selfs die reisgelde kan laer bring as net 'n eenvoudige retoerkaartjie vir die tydperk van die kongres of kursus, is dit noodsaaklik en vanselfsprekend dat u so 'n verduideliking by u aansoek sal insluit. Uitgawes vir vervoer van en na lughawens moet deur die nodige dokumentasie bevestig word.

3. **Verblyfkoste:** Vir buitelandse besoeke word 'n alles insluitende bedrag van vyftig Rand per dag toegelaat en binnelands 'n bedrag van vyf-en-twintig Rand. Die aantal dae word bereken op die duur van die kongres of kursus plus 'n dag voor en na die kongres vir reistyd. Indien die registrasiesertifikaat die datums aantoon sal ons twee dae byvoeg indien van toepassing. Kasregisterstrokies vir u drankies hoef u nie in te sluit nie aangesien dit nie toelaatbaar is vir ons doeleindes nie.

4. **Telefoon oproepe:** Indien u reken dat dit nodig is om kontak met u praktyk tuis te behou deur gereelde telefoon oproepe, moet u die saak self met die Ontvanger van Inkomste uitpluis.

Aangesien daar gevaar bestaan dat hierdie belastingtoegewings kan verval of teruggetrek mag word, word daar op heelhartige samewerking vertrou.

## Tax concessions for post-graduate study

Branch Councils have the unfortunate task of perusing applications by doctors (members as well as non-members of the Medical Association) for tax reductions arising from attendance at congresses or post-graduate study courses.

We have repeatedly tried to impress upon members that this places an immense responsibility on the shoulders of the Medical Association, and that it is essential that applications submitted by doctors should be absolutely correct and properly documented. To ensure this we would again draw your attention to the following:

1. **Registration Fees:** Only the amount paid for registration at the congress or course is deductible, and NO additional deductions for social gatherings such as banquets, tours or theatres etc., are permissible. Applications received by the office frequently also reflect foreign currencies and you are earnestly requested to supply the RSA equivalent.

2. **Travel Allowances:** Holidays are frequently combined with a study course, and although we realise that certain special concessions do reduce the price of a return fare to less than a straightforward return ticket to the course or congress, it is essential that you supply an explanation for the prolonged visit if you wish to claim the full amount of the airfare.

3. **Hotel Expenses:** A round sum of fifty rand per day for foreign travel and twenty five rand per day in the Republic is allowed. The number of days is based on the duration of the course or congress, plus a day at each end for travelling when applicable. If the registration certificate gives the dates of the course, or congress, two days travelling will automatically be added. Cash register receipts for drinks and meals need not be included since they are not deductible.

4. **Telephone Calls:** Should you consider it necessary to maintain regular telephonic communication with your practice, you should personally discuss the matter with the Receiver.

Since there is a very real danger that these tax concessions might lapse or be withdrawn, your wholehearted co-operation is necessary.

**Willie Pietersen**

## The Academy gets off the ground

Eight representative general practitioners from all over the Republic have signed the necessary forms and the SOUTH AFRICAN ACADEMY FOR FAMILY PRACTICE/PRIMARY CARE (incorporated association not for gain) has been registered.

The constitution has been accepted and now the growth of membership is eagerly anticipated.

The Council of the Academy will consist of sixteen elected members. They will choose a Chairman and other office bearers from amongst themselves, and nominate five additional members. The full Council will then choose a President. The term of office of the Council and office bearers will be three years, but the President will serve for only two years.

The election of Council members will take place in such a way that the whole country will be equally represented. This will forestall the possibility of an enthusiastic enclave dominating the Council, something which has happened in other organisations in the past.

The Academy will especially encourage smaller local groups to function autonomously with as little interference from the Council as possible. This should prevent dynamic regional groups from being hamstrung by bureaucracy. It is envisaged that primary physicians with specific interests will launch sub-groups under the auspices of the Academy and so be able to utilise the facilities of the greater organisation.

The potential scope of such an organisation is boundless, and the goals which so many of us have striven to achieve through other channels may at last be within sight.

We want to encourage you all to share your ideals with us within the framework of the Academy.

SA Family Practice will from now on be the official journal of the Academy, but the editorial committee has been given the assurance that an openminded policy will continue to operate and controversial matters will still be aired. Your contributions on all subjects are therefore of the utmost importance in promoting enthusiasm and balance in our profession.

## Die Akademie vaar voort

Die nodige handtekeninge van agt verteenwoordigende huisartse van oor die hele land is verkry en die SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VAN HUISARTS PRAKTYK/PRIMÊRE SORG (ingelyfde vereniging sonder winsoogmerk) is geregistreer.

Die konstitusie is goedgekeur en nou word die groei van ledetal met belangstelling ingewag.

Die Raad van die Akademie sal bestaan uit sestien lede. Hulle sal 'n Voorsitter en ander ampsdraers vanuit hulle geledere kies en sal dan ook vyf bykomstige lede benoem. Die volle Raad sal dan 'n President kies. Die ampstermyn van die Raad en die ampsdraers sal oor drie jaar strek, maar die President se ampstermyn sal slegs twee jaar wees.

Die verkiesing van die Raadslede sal op so 'n wyse geskied dat lede dwarsdeur die land verteenwoordig sal word. Dit sal verhoed dat een streek met 'n geesdriftige paar lede die hele organisasie beheer, soos wel gebeur het by sekere ander groepe.

Die Akademie sal veral ook kleiner plaaslike groepe aanmoedig om sover moontlik outonoom op te tree. Dit sal vermy dat dinamiese streeksgroepe deur 'n sentrale burokratiese stelsel in die wiele gery word. Dit word beoog dat primêre artse met spesifieke belangstellings subgroepe van hulle eie sal kan stig onder die dekmantel van die Akademie en met die vermoë om die groter organisasie se fasiliteite te gebruik.

Die moontlikhede vir so 'n organisasie om te bereik wat so veel van ons vir jare al probeer deur middel van ander kanale is haas onbeperk.

Ons wil almal van u aanmoedig om u ideale met ons te kom deel in ons Akademie.

Huisartspraktyk S-A sal die offisiële tydskrif van die Akademie van nou af wees, maar die redaksie het versekering gekry dat geen engheid van gees geduld sal word nie en kontroversiële punte sal sonder skroom steeds uitgelig word. U bydraes op alle vlakke is dus steeds van uiterste belang om die geesdrif en balans binne ons beroep te handhaaf.

**George Davie**